**GAUTENGSE DEPARTEMENT VAN ONDERWYS**
**SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN**

**OCTOBER / NOVEMBER 2005**
**OKTOBER / NOVEMBER 2005**

**SPRAAK EN DRAMA SG**

**TYD: 2½ uur**

**PUNTE: 150**

---

**INSTRUKSIES:**

- Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.
- Lees die instruksies aan die begin van elke afdeling sorgvuldig.
- Jy het 'n keuse t.o.v. die vrae in Afdeling A. Die vrae in Afdeling B en C is VERPLIGTEND.

---

## AFDELING A
## TEKSTE EN TEATERGESKIEDENIS

- Beantwoord enige DRIE vrae in hierdie afdeling.
- Elke antwoord moet na 'n ander voorgeskrewe teks verwys.
- Die antwoorde is gelyk in waarde: 30 punte elk (3 x 30) = 90.

### VRAAG 1
### ABSURDE TEATER

Skryf 'n opstel oor die manier waarop die dramatiese beginsels in die Absurde toneelstuk wat jy bestudeer het, hanteer word.

Bespreek enige DRIE van die volgende:

- Struktuur of vorm
- Karakterisering
- Dialoog
- Tematiese oorwegings
- Die aanwending van speelruimte **[30]**

## VRAAG 2
## BRECHTIAANSE TEATER

Verwys na die Brechtiaanse toneelstuk wat jy vir die eksamen voorberei het en verduidelik hoe vervreemding voorkom in die hantering van enige DRIE van die volgende dramatiese beginsels:

- Episodiese struktuur
- Gestiese karakterisering
- Dialoog
- Stelinkleding en beligting **[30]**

## VRAAG 3
## SUID-AFRIKAANSE TEATER

Suid-Afrikaanse toneelstukke weerspieël dikwels die sosio-politieke omstandighede van die tyd waarin die stukke geskep is.

Skryf 'n kort opstel oor die manier waarop die Suid-Afrikaanse toneelstuk wat jy vanjaar bestudeer het die sosio-politieke klimaat weerspieël in die hantering van enige DRIE van die dramatiese elemente (struktuur, karakterisering, dialoog, tema en hantering van ruimte). **[30]**

## VRAAG 4
## EIE KEUSE

Skryf 'n opstel oor die manier waarop karakterisering en die gebruik van dialoog bydra tot die impak van die eiekeuse-teks wat jy vanjaar bestudeer het. **[30]**

**TOTAAL VIR AFDELING A: [90]**

AFDELING B
## SPRAAK

## VRAAG 5
## (VERPLIGTEND)

Verwys na enige van die stukke wat jy vir die finale praktiese eksamen voorberei het en lewer kommentaar oor die manier waarop jy voorberei het om jou tegniek te verbeter ten opsigte van die volgende aspekte:

- Asemhaling
- Die gebruik van pouses
- Ontspanning en liggaamshouding
- Volume en projektering **[40]**

**TOTAAL VIR AFDELING B: [40]**

AFDELING C
**KREATIEWE VERTOLKING**

**VRAAG 6**
**(VERPLIGTEND)**

Jy is in beheer van die maak van rekwisiete ("props") vir 'n produksie van een van die toneelstukke wat jy vanjaar bestudeer het.

Kies enige VIER belangrike rekwisiete, beskryf hulle en verduidelik waarom jy hulle benodig vir jou produksie. **[20]**

**TOTAAL VIR AFDELING C: [20]**

**TOTAAL: 150**

**EINDE**